Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 13556 of Bruarfossweg 80
Sinoville Valhalla
0129 0185

16 Augustus 2003

Nuusbrief 2/2003

Beste Lid,

Ek kan nie glo dat hierdie nuusbrief vir Augustus is nie – die tyd vlieg verby en sonder dat ons dit weet, is dit alweer Kersfees en Nuwejaar en as ons mooi dink, het ons seker ook maar nie gedurende die jaar verrig wat van groot belang was nie ! Nadat Nuusbrief 1/2003 gepos was op die 14de April, moes ek ongelukkig gaan stil sit voor die blikbrein en al die lede afhaal wat so ver agter geraak het met hul ledegeld en daar was geen reaksie op die Vertroulike Inligting strokies (wat die stand van hul ledegeld aangedui het) nie. So het ons dan weer **78** lede gegroet wat aangesluit het ter wille van tradisionele boeremusiek en al daai mooi dinge. Maar nouja, ons sal seker teen volgende jaar hierdie tyd darem weer die ledetal bereik wat ons gehad het voor ons die snoeiskêr ingelê het. Weereens en nog steeds 'n groot bron van kommer is die getal briewe wat terugkom van lede wat van posadres verander het en ons nooit laat weet het nie.

1. **OORLEDE :** Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van die volgende lede bekend maak :
   a. Mnr S.L. Scheepers, Mopaniestraat 19, Birchleigh, Kemptonpark 1619 (30 April 2003)
   b. Mnr B. (Oom Ben) Low, Posbus 3036, Kenmare 1745 (14 Mei 2003)
   c. Mev Joey Burke,Donalbainstr 11, Bedelia, Welkom 9459 (eggenote van oom Hannes Burke) 17 Julie 2003
   d. Mev A.E. (Tannie Anna) Muller, Posbus 472, Koppies 9540 (25 Julie 2003)
   e. Mev J.H. Theron, Posbus 3560, Pietersburg 0700 (14 Julie 2003)
   f. Mnr Jaap Steyn (tweede oudste seun van oom Boet Steyn) 31 Julie 2003
   g. Mnr P.B. Engelbrecht, Posbus 1448, Bloemfontein 9300

2. **POS TERUG :** Net soos met die vorige nuusbriewe, het die volgende lede se pos teruggekom :
   a. Mnr D. Malan, Posbus 31113, Totiusdal 0134 (Posbus gesluit)
   b. Mnr A.P. Wessels, Posbus 192, Kleinplaas, Petrusburg 9932 (Vertrek)
   c. Mnr W.C. van der Merwe, Scotialaan 4, Coligny 2725 (Onbekend)
   d. Mnr D.J. Du Pisanie, Posbus 3025, Dalview 1544 (Posbus gesluit)
   e. Mnr J.A.D. Cecchini, Posbus 6714, Secunda 2302 (Posbus gesluit)
   f. Mnr C.J.W. van Wyk, Marklaan 50, Vereeniging 1939 (Adres onvoldoende –*(was voldoende sedert 2000!)*
   g. Mnr F. Cecchini, Posbus 6714, Secunda 2303 (Posbus gesluit)
   h. Mnr J.A. Coetzee, Ivylaan 44, Arconpark, Vereeniging 1939 (Onbekend)
   i. Mev A.F.H. van Niekerk, Posbus 70 Hartswater 8570 (Posbus gesluit)
   j. Mev C.M. Pretorius, Posbus 2138, Groenkloof 0027 (Posbus gesluit) Nuusbrief 3/2001 en 1/2002 het teruggekom !
   k. Mnr C.W. Potgieter, Posbus 12342, Die Hoewes 2 0163
   l. Mnr J.L. Pretorius, Posbus 7196, Bloemftontein 9300 (verkeerde posbus??)
   m. Mnr G.M. van Wyk, Coetzeestraat 2, Warrenton 8530 (Vertrek)

2. **Algemene Jaarvergadering van die TBK van SA:**

Kennisgewing geskied hiermee ten opsigte van die Algemene Jaarvergadering (AJV) van die TBK om **15:00 (3nm)** op die **4de Oktober 2003** in die **skoolsaal van die Hoërskool F.H. Odendaal, Baviaanspoortweg, Eastlynne, Pretoria** sal plaasvind. Indien u enige punte vir bespreking op die agenda, onder **Algemeen**, wil plaas, stuur dit ASB aan die **Sekretaris, TBK van SA, Posbus 2918, Faerie Glen 0043** om hom tenminste 3 (drie) weke voor die AJV te bereik, met ander woorde **nie later as die 14de September 2003 nie.** Moet asb nie verwag om 'n besprekingspunt op die agenda te plaas op die dag van die AJV nie. Dit werk nie so nie. Baie dankie vir u samewerking.

U WORD OOK DAARAAN HERINNER DAT STEMBRIEFIES AAN LEDE WIE SE LEDEGELD TEN VOLLE OPBETAAL IS, UITGEREIK SAL WORD. Dit sal ook die enigste manier wees om 'n stem uit te bring.

Agenda vir die AJV van die TBK van S.A. wat gehou sal word op die 4de Oktober 2003 in die skoolsaal van die Hoërskool F.H. Odendaal, Baviaanspoortweg, Eastlynne.

a. Opening en verwelkoming
b. Notules van die vorige AJV
c. Finansiële verslag
d. Jaarverslae deur tak voorsitters
e. Jaarverslag deur die voorsitter van die TBK
f. Verkiesing van voorsitter en komiteelede
g. Algemeen
h. Afsluiting.

Hiermee dan ook die notule van die AJV gehou op die 5de Oktober 2002.

Notule van die AJV van die TBK gehou op 5 Oktober 2002 in die skoolsaal van die Hoërskool F.H. Odendaal, Baviaanspoortweg, Eastlynne :

1. **Opening en verwelkoming :** Die nasionale voorsitter, Jasper Vlok, open die vergadering om 16:00. Mnr Fred Nelson neem skriflesing en gebed waar.
2. **Presensie :** Teen opening was daar meer as 'n kworum teenwoordig.
3. **Notule van die vorige vergadering :** Mosie van aanvaarding : G. Jooste. Baie sekondante.
3. **Finansies :** Penningmeester, F. Nelson, lewer verslag. Mosie van aanvaarding : P. Van Staden. Sekondant : G. Jooste.
4. **Tak verslae :** Wesrand-tak : Oom Ben Low; Karoo-tak : voorgelees deur T. Adams; Goudveld-tak : H. Ferreira; Bloemfontein-tak : J. Vlok; WesKaap-tak : voorgelees deur J. Vlok; Pretoria-tak : T. Adams.
5. **Toekennings :** 15-jaar lidmaatskap sertifikate word uitgedeel en die H. Schoeman wisseltrofee word aan H. Ferreira (Goudveld-tak) toegeken.
6. **Jaarverslag deur Nasionale voorsitter :** J. Vlok lewer die TBK se jaarverslag.
7. **Verkiesing van voorsitter :** J. Vlok word eenparig her-verkies as nasionale voorsitter van die TBK.
8. **Verkiesing van hoofkomitee lede :** Die bestaande komiteelede bly onveranderd, nl. F. Nelson : penningmeester; S. Van Zyl: sekretaris; addisionele lede : D. Labuschagne, A. Van Zyl en Mev G. Du Plessis. Sias Erasmus word as addisionele lid verkies.
9. **Algemeen :** Mnr P. Van Staden kry spreekbeurt.
10. **Afsluiting :** Daar was geen verdere punte vir bespreking nie en die vergadering verdaag om 18:30.

Die volgende orkeste is genooi om na die AJV op te tree : Die Sandvelders, Die Goudvelders, Lourens van Zyl en Erik Brits.

Daar sal ook 34 x 15-jaar sertifikate uitgereik word aan lede wat in 1988 by die TBK aangesluit het asook erelidmaatskap en die Hannes Schoeman wisseltrofee. Die van u wat in 1988 aangesluit het, kan gerus die sertifikate persoonlik kom afhaal, andersins sal dit gepos word.

4. HULDEBLYKE :

a. OOM BEN LOW

As groot liefhebber van tradisionele boeremusiek het wyle Oom Ben op 17 APRIL 1993 sy droom verwesenlik met die stigting van die Wesrand Tak van die Tradisionele Boeremusiekklub.

Hy het gedien as Voorsitter van die Tak sedert die stigting tot en met sy dood op 14 MEI 2003, twee weke na die 10de bestaansjaar viering van die Wesrand Tak.

Wyle Oom Ben en sy eggenote Tannie Elsie was vir vele van ons, wat betrokke is by die Wesrand TBK Tak, soos 'n pa en ma – altyd bereidwillig om 'n hand uit te steek om te help en daar te wees.

So het Oom Ben ook talle persone bygestaan met testamente, boedels en beleggings aangesien hy nie alleen 'n makelaar van beroep was nie, maar 'n uiters bekwame een daarby wat al met verskeie toekennings vereer is.

Ons het van jou afskeid geneem oom Ben, maar in ons harte sal jy altyd wees. Ons sal ons bes doen om dit waarvoor jy so lief was te laat voortleef.

Flip Snyman, Onder-voorsitter, Wesrand-Tak

b. TANNIE ANNA MULLER :

Dit is met verslaentheid dat ons die afgelope tyd moes verneem van die afsterwe van kennisse en vriende binne TBK verband, waarvan die mees onlangse die was van Tannie Annie Muller van Koppies.

Anna Elizabeth Muller is op Theunissen in die Vrystaat gebore as Anna du Toit op 23 Maart 1938. Op Theunissen het sy haar skoolloopbaan begin en voltooi en na skool het sy gaan werk. So ontmoet vir Hansie Muller van Vetrivier en is hulle op 1 Maart 1955 getroud. Uit die huwelik is drie kinders gebore. Na oom Hansie se afsterwe het hulle Koppies toe verhuis waar hulle die afgelope 16 jaar geboer het.

So het ek die voorreg gehad om Tannie Anna en haar dogter, Kotie, en die se man, Hans Brits, te kon mag leer ken op ons TBK byeenkomste in die Vaal Driehoek. Tannie Anna was 'n groot bewonderaar en ondersteuner van die TBK, soveel so, dat sy Hans en Kotie se dogter – klein Anna – of dan Mej A.E. Brits, soos sy op die ledelys van die TBK voorkom, reeds as lid ingeskryf het toe sy een jaar oud was, en klein Anna word Desember 2003 sestien jaar oud. Voorwaar 'n prysenswaardige daad ! Kan ek ook dan asseblief net vir u noem dat Tannie Anna geliefd en gerespekteerd was onder die TBK-mense en musikante.

Ek kan u verseker dat Tannie Anna 'n navolgingswaardige voorbeeld gestel het, altyd vriendelik, opgeruimd en lekker om mee te gesels. Tannie Anna se heengaan laat 'n groot leemte en verlies in haar vriendekring en in besonder onder haar TBK-vriende. So dra ons dan haar huisgesin en naasbestaandes op aan die vertroosting van ons Skepper en Vertrooster.

Kom ek sluit af met 'n ietsie van Saphira .....

Ontbreek die woorde om te bid
- die kruis te swaar vir dra?
Hy sal sy arms om jou sit
- nog voor jou lippe vra .....

Peet en Lettie van Staden
(In opdrag van en namens die TBK van SA)

(Namens die TBK sê ons baie dankie aan Flip en Peet vir hierdie huldeblyke. Ek voel ook trots dat ek, soos so baie ander lede van die TBK sulke mense kon ken en saam met hulle kon lag en gesels. Dan voel 'n mens so dankbaar. Red)

5. HER-AKTIVERING VAN VAALDRIEHOEK-TAK :

Die volgende is van die Nasionale voorsitter, Jasper Vlok, ontvang : "Aangesien ons versoekskrifte en briewe ontvang het om die tak te herstig, is 'n vergadering gehou by die Van der Bylpark Hoërskoolsaal op 17 Mei 2003. Teleurstellend was die bywoning. Na gesprekvoering is besluit om die stigting eers te los, want 'n geskikte Voorsitter kon nie gevind word nie. Op hierdie stadium is daar egter groot verdeeldheid onder ons boeremusiek geledere in die streek. Ons versoek egter ons lede om met mekaar te gesels en ons te laat weet wanneer dinge beter is en ons weer 'n vergadering kan reel. Kry egter eers u loodskomitee bymekaar dan probeer ons weer.

6. KLEREDRAG : Die volgende is van die Nasionale Voorsitter, Jasper Vlok, ontvang :

Op 'n onlangse Hoofbestuursvergadering is kommer uitgespreek oor die kleredrag van sommige orkeslede op TBK funksies. Nou, na 21 jaar van seker een van die grootste sukses verhale in die Afrikaner se bestaan, nl. Dat ons tradisionele boeremusiek teruggebring het soos dit hoort, behoort ons almal met trots aan elke mens te kan wys ons behoort 'n klub wat poog om sy grondwet te eerbiedig. Sonder hierdie grondwet sou ons nooit in ons doelstellings kon slaag nie. Hiermee dan nou 'n vriendelike uitnodiging aan al ons lede en orkeslede om by TBK funksies u TBK klere te dra. Dit moet vir elkeen van ons lekker wees. *(Dit is net so jammer dat die hedendaagse materiale so maklik krimp na 'n droogskoonmaak - en die prys van 'n nuwe is verbrands duur ! Sal maar moet op 'n dieet gaan om die baadjie te laat pas, of so nie, sal ons 'n "ruil hoekie" moet instel vir baadjies wat te groot / klein geword het ! Red.)*

7. TE KOOP : 'n Italiaanse **FRONTALINE** 80-bas trekklavier, in 'n baie goeie toestand, is te koop aangebied deur **Susan** Steyn. Indien u belangstel, skakel haar asb by 082 424 0386.

8. BRIEWE VAN ONS LEDE :

a. Die volgende is van Mev Zia Venter, Joanlaan 4, Murrayfield ontvang :

Ou word is nie vir sissies nie.....

Alles pyn, wat nie pyn nie, werk nie
Die glinster in jou oog is die sonlig op jou dubbellens bril
Jy voel soos die oggend daarna, maar jy was nêrens nie
In jou afspraakboek begin al die name met Dr
Jy raak uitasem van kaartspeel
Jou kinders begin vir jou middeljarig lyk
Jy sluit aan by 'n gimnasium, maar jy gaan nooit
Jy ken al die antwoorde, maar niemand vra jou nie
Jy sien uit na 'n vervelige aand
Jy het 'n bril nodig om joune te soek
Jy skakel die lig af om te bespaar – nie om romanties te raak nie
Jou neus loop, maar jou bene wil nie
Jou huis raak te groot en jou medisynekas te klein
Jy vat 'n lekker hap aan 'n biefstuk en jou tande bly daar
Jou verjaardagkoek sak inmekaar onder die gewig van al die kersies.

(Wees verseker, Zia, daar is meer as een van die bo-staande wat op my betrekking het ! Ek sien maar swarigheid vir die komende winter! Maar nouja, ek is seersekerlik nie die enigste in die TBK nie! Baie dankie ook vir die twee ander bydraes – ek sal hulle gebruik soos dit nodig word. Nou weet jy hoekom ek *elke jaar die tuinroete doen – om so effens af te koel na al die gewoel en gewerskaf vir die TBK ! Die "Geagte lid" het ek in 1994 begin en omdat ek nog geen voorstelle vir verandering ontvang het nie, het ek maar aanvaar dit is in orde vir die lede ! Ek het hom verander – baie dankie vir voorstel. Red.)*

En om by bogenoemde aan te sluit, het oom Danie Labuschagne vir my 'n uittreksel uit "Die Mootbode" van Junie 2003 in my hand gestop en gesê hier's iets vir jou nuusbrief ! Ek weet nie wat die opskrif behoort te wees nie, maar ek noem dit sommer "So gaan ons heen" (al die beroepe word nou nie genoem nie, maar dit dek darem 'n breë spektrum !)

Reisigers gaan heen
Diakens kom om
Jagters gaan bokveld toe
Horlosiemakers se tyd breek aan
Valskermspringers ontval ons
Melkboere skop die emmer
Onderwysers gee die gees
Bankbestuurders verhuis
Kosters hoor die doodsklok lui
Staatsamptenare gaan die ewige rus in
Tekenaars se strepie word getrek
Ouderlinge ontslaap
Kokke steek die lepel in die dak
Slagters tjop af
Tuiniers word van die gras afgemaak
Dominees verwissel die tydelike met die ewige
Skeidsregters blaas hul laaste asem uit
Elektrisiëns se liggies word uitgedoof
Omroepers se stemme word stil
Materiaal-handelaars word van kant gemaak.

(Magriet Erasmus).

Met erkenning aan "Die Mootbode" van Junie 2003.

b. **Mnr Barend Welgemoed van Glen Marais, Kemptonpark** : (brief gerig aan Lourens Aucamp & Danie Labuschagne)

Gevoel dis van pas om julle twee here geluk te wens met julle program oor Dawid de Lange. Al julle programme is natuurlik uitstekend, maar so elke dan en wan kome iets besonders te voorskyn, soos ei program oor Dawid. Ek is baie, baie lief vir tradisionele boeremusiek en waardeer julle werk en programme.

Die orkeste, of musikante, wat saam met Dawid opgetree het, was seker van ons heel beste. Ek dink miskien was dit die era waar tradisionele boeremusiek op sy kruin was. En Dawid de Lange, hy gee nuwe betekenis aan die woord "blymoedigheid". Wat 'n opgewekte karakter was hy nie ! Kan julle julself voorstel hoe dit moes gegaan het met hom en oom Faan saam by die opnames, en ook waar hulle saam opgetree het. As mens na die foto's in oom Piet se boek kyk, kan jy sommer sien die man is 'n regte plaatjie !

Die program oor die Ses Hartbrekers was net so uitstekend. Die tromme het baie goed ingepas en was feitlik onhoorbaar. Nie soos somme van vandag se orkeste, waar die enkel doel van die tromspeler is om die res van die orkes te oordonder nie. Mens wonder soms of die trom nie dalk die hoof instrument is nie, want dit oorweldig die hele omgewing. Ek weet nie of julle bewus is dat oom Gerrie hom later van tyd voltyds toegewys het aan die bediening nie.

Hy het 'n pastoor geword in die Pinkster Protestante kerk, en met sy goeie musiek talent en persoonlikheid het hy en sy gade 'n baie gesegende bediening opgebou in die Benoni omgewing. Hulle was geliefd en bemind en almal het hulle geken. Voorwaar 'n vol en ryk lewe !

Ek dink die tyd is nou ryp om die groot geeste by Radio Pretoria te druk om die program tot 8nm te strek. Dit sal die tydsaspek mooi afrond tot op die uur en beteken 'n ekstra 15 minute vir ons ! Nogmaals baie dankie vir julle program, dit word baie waardeer deur die luisteraars, al skryf of bel ons nie altyd om dit te sê nie. *(Baie dankie vir die lekker geselsbrief, (oom?) Barend. Ek het dit goedgedink om u brief te plaas en hoop ek sal nie in die moeilikheid kom nie ! Ek stuur vir u die nuusbrief plus 'n aansoekvorm vir TBK lidmaatskap! (Oom) Barend is nie 'n TBK lid nie, maar luister elke week na "Die boeremusiek van...." op Radio Pretoria. Red.)*

c. **Mnr J. Mac Donald van Bainsvlei** : Ek wil graag die volgende met die TBK lede deel : Dirk Terblanche is 13 Februarie 1943 op die plaas Langverwacht distrik Kroonstad gebore. Hy was die derde seun van 'n gesin van 6. Sy vader was baie musikaal en Dirk het vermoedelik sy talente by dié ge-erf. Op 15-jarige ouderdom het Dirk met die konsertina begin. Hy kon homself ook goed met die traporrel help. Ongeveer 1992 hy en Hugo Radley saam begin speel en dit het gelei tot die ontwikkeling van vele pragtige wysies wat daar by menige funksies vol vloere van dansers getrek het. Persoonlik het ek 'n baie groot bewondering vir hierdie orkes en het altyd gewonder hoe hulle dit regkry om met soveel musikante so volmaak in tyd kan speel.

Dirk het dan ook 19 van sy eie komposisies gemaak. As persoon het ek die hoogste agting vir hom gehad. Hy was altyd vriendelik en beleefd en het nooit kwaad gepraat van iemand anders nie. Voorwaar 'n voorbeeld vir vele van ons – myself ingesluit. Ten spyte van sy ongeneeslike siekte wat hy opgedoen het, was dit vir hom moeilik om terug te sit en dinge rustig te vat en het tot op sy laaste nog steeds sy musiek gemaak. Ons het op 'n keer die voorreg gehad om saam met hom in Clarens by 'n funksie te kon speel en ons woud ei geld wat ons gekry het vir die optrede met hom deel, maar hy het geweier. Op 'n keer by 'n funksie het ek hom gevra hoe dit nou regtig met sy gesondheid gaan – hy het net gesê "Baie goed, want met sulke goeie vriende soos my TBK vriende wat elke dag vir my bid, kan die anders nie.".

Nouja, ek persoonlik voel dit is vir die TBK en tradisionele boeremusiek 'n baie groot verlies dat hy nie meer met ons is nie. Hy het saam met Hugo en die ander musikante 3 prag CD's nagelaat wat sal maak dat ons hom altyd sal onthou. Ek wil net vir Hugo-hulle sê sterkte en ons hoop ons hoor nog baie musiek van julle, al is Dirk nie meer saam nie.

Ek hoor Hugo-hulle het 'n CD wat spesiaal Dirk opgedra is wat eersdaags verskyn. Ek sien uit daarna. Al ken nie vir Dirk se gesin nie, wil ek net vir hulle ook sterkte toewens. *(Baie dankie vir die bydrae, Jimmy. Dit is so, dat daar nie altyd iets oor ons ontslape musikante gesê word nie, maar ek plaas maar net wat ek ontvang. Ek het nie die nodige agtergrond / geskiedenis / inligting van almal nie, so dit maak dit maar moeilik vir my. Enige een is welkom om iets in te stuur, hetsy vir 'n musikant of van ons lede, oud/jonk – al het ons die lid nie persoonlik geken nie, so kan ons almal hom/haar leer ken al is dit te laat – die herinnering is daar – dit kan met so baie ander gedeel word. Red.)*

d. **Mev H. Mey van Middelburg :**

Tradisionele boeremusiek : Baie dankie vir my verjaardagkaartjie – altyd 'n eerste om te ontvang. Dit word waardeer. Dit was ook heerlik om die TBK se 21ste herdenking by te woon. 'n Groot voorreg om die mense te ontmoet wat oor die jare so baie gedoen het vir die bevordering van ons volk se musiek. 'n Goue dankie aan elkeen van u. Ook aan al die musikante wat die prag musiek vir ons by die oor bring. Wees verseker van ons waardering.

Die gedig wat in Nuusbrief 1/2002 verskyn het, het ek so geniet. Die digter*(es)* (*haar naam is Zita*) het almal betrokke so mooi ingesluit. Oom W.A.L. (*oom Wilhelm*) Schultz se boek "Die ontstaan van boeremusiek" is 'n kosbaarheid vir 'n boeremusiek liefhebber om te besit. Na aanleiding van 'n program oor Radio Pretoria met oom Wilhelm, weet ons nou eindelik wie is die eerste persoon wat Suikerbossie gesing. Fred Mitchell ? Trek vir Suikerbossie enige tradisionele boeremusiek rokkie aan en sy bly pragtig ! 'n Groot gunsteling van my ! Op so 'n mooi noot, groetnis aan almal. *(Baie dankie vir die bydrae, Hannetjie, dit word waardeer en dit help ook om die nuusbrief weer by 6 bladsye te laat uitkom. Red.)*

e. **Mnr H. ReintsBok van Randfontein :**

Ek was by die saamtrek van Wesrand-tak, die 3de Mei. Die orkeste wat daar van die ou musiek van jare gelede vir ons gespeel het en was dit nie wonderlik gewees nie. Almal het uithaler tradisionele (lank gelede se musiek) gespeel. Dan wil ek net die orkeste wat van ver ons jong manne, seuns en dogters in hul geledere het, baie dankie sê. Dan was daar die nuwe CD van Gert Jooste.

Ek het die boekie gelees wat oom Ben Low saamgestel het. Hoe hy daar in Suidwes na plate geluister het. Ek is in die gelukkige posisie dat ek die grammofoon, waarop ek as kind plate gespeel het, ge-erf het. Ek het so uitgesien dat ons weer so bymekaar kon uitkom en daaroor te kan gesels. Maar dit was my nie beskore nie, want oom Ben is die 14de Mei oorlede. Wat 'n ramp het ons getref. Ek wil net vir sy eggenote en kinders sterkte toewens. Nogmaals baie dankie om lid te kan wees van so 'n volkseie beweging.

9. NUUS VAN ONS TAKKE:

a. Karoo-tak, Jansenville.

Ons begin maar eerste met die hartseer nuus : Gerhard Gerber se eggenote, Naomi, is na 'n lang siekbed oorlede. Ons innige simpatie aan hom en sy familie.

Dan het ons weer 'n lekker opskop gehou op 29 Maart saam met ons buur-orkes vanaf Port Elizabeth. Ons volgende byeenkoms sal op 29 November 2003 wees te Jansenville stadsaal. Tydens die laaste AJV is die komitee soos volg verkies : Voorsitter : Hansie Erasmus, Onder-voorsitter : Duppie du Preez, Sekretaresse : Erika Zandberg, Tesourier : Amanda Nel. Vier addisionele lede is ook verkies.

Ons wil baie graag uitvind of daar nie van die takke is wat belangstel in 'n saamtrek hier in die Oos-Kaap nie. Kontak asb vir Erika by 072 314 6305. Vriendelike Karoo-groete.

b. Bloemfontein-tak : Ons groet u almal uit 'n koelerige Bloemfontein. Hier gaan dit goed. Op ons funksie en jaarvergadering, is die volgende bestuur verkies : Voorsitter : Japser Vlok; Vise-voorsitter : Fred Nelson ; Addisionele lede : Esther Nelson, Peet Ferreira, Frans van Straten, Louis Kotze, Dina van Straten. Geko-opteerde lede : Annatjie Ferreira, Hettie Kotze, Servals Prinsloo en Elsie Prinsloo.

Aan Jimmy en Cathy Mc Donald baie dankie vir julle hulp en ondersteuning oor baie jare. Ons verstaan dat julle nog ander belange ook het wat nou aandag vra. Aan Servaas en Elsie Prinsloo baie welkom by ons. Ons ken julle en weet ons sal lekker saamwerk.

Daar is een wens wat ek het, nl. dat ons met ons funksie op 6 September 2003, ja ons lentedans, vir 'n slag die Posduifsaal sal volpak. Die skielike koue op 10 Mei het 'n nadelige invloed op ons bywoning syfer gehad. Ten spyte van dit alles, was dit 'n heerlike funksie en diegene wat daar was, is getrakteer op egte tradisionele boeremusiek tot middernag. Aan ons orkeste baie dankie. Ons datums vir die res van die jaar is volg in die Posduifsaal : Lentedans – 6 September, Jaareinde dans – 8 November.

c. Weskaap-tak : 15-SEPT. 2001 – 10 MEI 2003.

Ja, dit lyk byna soos 'n begrafnis opskrif. Maar dit is ongelukkig niks anders as dit nie. Tydens ons Jaarvergadering het die meerderheid van die lede met geheime stembriefies besluit dat ons maar liewer moet sluit en nie weer 'n bestuur verkies nie. Dit is hartseer. Die Wes-Kaap het die potensiaal om die sterkste tak te wees, maar ongelukkig het ons nie die ondersteuning van die publiek geniet soos ons verwag het dit sou wees nie. As slegs 11 lede opdaag by die Jaarvergadering, dan moet jy jouself die vraag afvra of dit die moeite werd sou wees om voort te gaan, ten spyte daarvan dat skriftelik kennis gegee is van die vergadering. Hierdie kennisgewing het ±R120-00 aan posgeld gekos. Slegs 4 lede het die moeite gedoen om vooraf verskoning aan te bied met goeie redes. Die gevolge hiervan het ook 'n nadelige invloed op ons finansies gehad. Soos ek ook in my voorsitters verslag genoem het dat as dit nie vir die lede was wat dubbel lidmaatskap het nie (T.B.K. & Gilde) dan het daar niks aangegaan nie. As dit slegs van die T.B.K. lede afgehang het, het ons al lankal winkel toegemaak.

Aan die getroue ondersteuners wat wel gekom het wil ek nogmaals baie dankie sê vir die bemoedigende woorde wat ek gekry het. Een positiewe sy van die hele aangeleentheid was die kennisse wat ek geleer ken het, dit kan nie van jou weg geneem word nie.

Warm Boeremusiekgroete hier uit die Suidpunt van Afrika. Louis Hurter. Tel. (021) 903-3730 083-338-2003

(Jammer om die teleurstellende nuus te verneem. Ten minste kan jy darem sê jy't probeer, maar soos die spreekwoord sê, jy kan 'n perd na die water lei, maar jy kan hom nie maak drink nie. Laat die stof eers gaan lê, miskien sal daar iemand (iewers) besef dat daar iets verkeerd geloop het en wie weet ..... Red.)

d. Sekelmaan-tak, Port Elizabeth :

Die volgende is van Mev Marie Jonas, sekretaresse, ontvang : Vandag moet ek vir oom skryf met die hartseer nuus dat ons tak hier in Port Elizabeth nie meer funksioneer nie. Ons huidige voorsitter, Johan Meiring, moes sy besigheid hier in die Baai verkoop en verhuis nou na Paar in die Boland. Nie die huidige ondervoorsitter of enige van die ander komiteelede het kans gesien om oor te neem as voorsitter nie.

Ons is nie seker of ons amptelik moet ontbind nie en of ons maar net eers as onaktiewe tak bly bestaan totdat ons iemand kan kry wat die leisels kan oorneem nie. *(Marie, dis nou 'n jammerte om die nuus te verneem. Maar nouja, die feit dat niemand kans sien om die leisels oor te neem nie, is maar net 'n bewys dat voorsitterskap van 'n tak is nie so maklik soos dit mag voor kom nie. Die tak slegs gesluit word as daar 'n spesiale vergadering belê word en die lede 'n eenparige besluit om die tak te sluit. Tot dan, bly die tak onaktief en as daar 'n behoefte bestaan om die tak weer aktief te maak, moet daar weer 'n vergadering belê word om vas te stel of daar 'n komitee saamgestel kan word wat die tak dan verder sal dra en bestuur. Weereens 'n bewys dat alhoewel daar seker baie ondersteuning vir die tak stigting in die begin was, almal was vuur en vlam, maar toe die leier van die tak ongelukkig moes bedank as gevolg werkomstandighede, is daar nie 'n opvolger nie. Die TBK voorraad wat julle nog het, kan jy gerus stewig verpak en vir Gerda stuur. Baie dankie. Red.)*

10. FAMILIEWAPENS :

Ek het 'n lekker laaang geselsbrief van Mev Kempie Bakkes van Jeffreysbaai ontvang in verband met familiewapens in A4 grootte, asook op sleutelringe. Ek het 4 voorbeelde van die sleutelringe ontvang en lyk baie mooi - die familiewapen is in kleur, met 'n kort beskrywing agter op wat die van beteken en waar die stamvader vandaan gekom het. Daar is 'n lys van 600 vanne beskikbaar. Die A4 grootte van die familiewapen is in 'n goudkleurige raam (2cm breed) met matglas gemonteer. Die sleutelringe verkoop teen R25-00 elk, posgeld ingesluit. Die A4 grootte geraamde familiewapens kos R150-00, posgeld ingesluit.

Dan bemark sy ook twee boeke deur professor O.J.O. Ferreira (voorheen van Pretoria) wat handel oor die geskiedenis van die eerste Ferreiras in Suid-Afrika. Die een boek verstrek fyn besonderhede oor die Portugese herkoms, die eerste en enigste stamvader in S.A. en sy vier seuns ens. Die tweede boek handel spesifiek oor die vroeë Ferreiras wat in die Kouga Vallei gevestig was. Beide boeke verkoop teen R65-00 elk, posgeld ingesluit.

Indien meer inligting verlang, kan u gerus met Mev Bakkes skakel by (042) 293-2222 of sel. nr. 072 340 0898. Indien u wil skryf, rig u briewe aan Mev P.J. Bakkes, Posbus 1000, Jeffreysbaai 6330.

5. LEDEGELD :

Ek wil weereens 'n dringende beroep op al ons lede doen wat nie debietorders of aftrekorders het, BRING ASB U LEDEGELD OP DATUM. Soos u aan die begin van die nuusbrief gesien het, het ons vanjaar weer 78 lede net voor die AJV van die TBK ledelys afgehaal. Dit is nie lekker om dit te doen nie, maar die lede het ons geen ander keuse gelaat nie. Tien teen een is daar van daardie lede wat Oudstryders is (ouer as 70) wat nie vir ons laat weet het wat hulle ID nommer (slegs die eerste ses syfers word benodig) is nie. Ons het natuurlik nog steeds ons 6 lede wat die 31ste April verjaar – hulle ontvang nog elke jaar hul verjaardagkaartjies wat sê ..... geluk met u verjaardag die 31ste April ..... !

Terwyl ek besig is met ledegeld , nog 'n groot versoek asb : indien u 'n tjek stuur vir u ledegeld, MAAK DIT ASB UIT AAN **TBK VAN SA** en nie aan my (T.E. Adams) nie, want dan moet ek die tjek in my rekening deponeer, dit vir 10 dae laat lê en dan weer die bedrag uit my rekening onttrek, die kwitansies uitmaak en pos en die geld aan Gerda oorbetaal. Dit is onnodige bank onkoste vir my! Ek sal u samewerking baie waardeer. Baie dankie.

6. MISKIEN AFWESIG :

Op hierdie stadium van die geveg is daar 'n baie sterk moontlikheid dat ek nie vir die AJV hier sal wees nie. Ons jongste seun trou die 27ste September ('n week voor die AJV) in Kaapstad en aangesien ons laas in 1994 saam in die Kaap was, het ons besluit om sommer van die geleentheid gebruik te maak om vir soveel moontlik van die familie te gaan hallo sê en dan die wil ons die volgende Saterdagoggend vroeg vertrek. Ek wil dus vir almal by die AJV vra om te help waar nodig is en sodoende die byeenkoms weereens suksesvol te maak. Dis nie te sê dat die byeenkoms suksesvol sal wees as ek wel daar is nie ! Ek sal die musieke, die bekende gesigte, nuwe gesigte sekerlik mis, maar nouja, dis een van daardie dinge. Baie dankie vir almal se samewerking.

7. NUWE CD's :

Die volgende nuwe CD's is by Mev Gerda du Plessis beskikbaar (telefoon : (012) 548-0956 :

So speel die Goudvelders (Hennie Ferreira)
Hugo en Lourens speel outydse boeremusiek (Hugo Radley & Lourens van Zyl)
So speel die Lekker Kêrels (Gert Jooste)
Oom Hannes Viljoen Vol. 1 (herdruk)

15. NUWE BOEK :

Oom Piet Bester van Pietersburg het laat weet dat sy nuwe boek oor boeremusiek / musikante nou uiteindelik die lig gesien het. Dit is oom Piet se 3de boek en is ook by Mev Gerda du Plessis beskikbaar. Prys R100-00 plus R20-00 posgeld. Skakel haar by (012) 548-0956 of pos u bestelling(s) aan Posbus 13556, Sinoville 0129.

16. NUWE CD's IN DIE PYPLYN :

Ons is op hierdie stadium besig om met Mnr Danie Liebenberg van AVA Systems te onderhandel ten opsigte van die volledige stel (pakket), met ander woorde al die opnames, van oom Chris Blignaut. Die plan is om hierdie pakket, wat uit 5 volumes sal bestaan wat elk +-28 nommers op het en volumes 6 en 7 sal 'n dubbele CD wees met elkeen +-17 nommers op. Ons het nog nie 'n finale prys bereik nie, maar die prys wat ek gehoor sal voorwaar 'n winskoop vir die pakket wees. Ek en oom Danie Labuschagne het die nommers naasteby so rangskik dat volume 1 sy opgewekte liedjies bevat en die laaste twee volumes die meer kerklike opnames.

Dan lê Dawid de Lange se +-5 volumes ook nog voor EN dan is daar 'n baie sterk moontlikheid dat al Dr Hans la Grange se opnames ook in pakket-vorm uitgegee sal word. Ons sal meer inligting bekend maak soos dit beskikbaar gestel word. Voorwaar iets om na uit te sien !

17. GESOEK :

Met al die opnames wat ek en oom Danie op die blikbrein moet opneem, het ons begin bekommerd raak oor die feit dat ons nog net EEN 78-spoed naald het wat in gebruik is ! As hy moet kalf, dan sit ons met ons hande in die hare! Is daar MISKIEN wat 'n 78-spoed naald het wat hy/sy kan/wil afstaan (ons is bereid om daarvoor te betaal). Ons kan een laat invoer van Amerika af, maar dan kos dit 'n hele klompie dollars teen die tyd dat ons dit ontvang ! Skakel asb vir oom Danie by (012) 379-2904 of vir my by (012) 651-3700. Ons sal baie dankbaar wees indien iemand ons kan help.

Nouja, so het ons dan aan die einde van nog 'n nuusbrief vir die jaar gekom. Die laaste nuusbrief behoort teen die middel van November in die pos te wees. Laat gerus van u hoor, hetsy met goeie of slegte nuus, advertensies (te koop / gesoek , soos bv. die groen Springbokbaadjie wat te groot of te klein geword het !) Ek hoop nie dat dit so droog in u omgewing is dat selfs die penne se ink ook opgedroog het nie !

Let wel dat die briewe / antwoorde daarop / op- of aanmerkings daarop nie noodwendig die TBK se siening is nie en die bestuur en / of skrywer van die nuusbrief kan nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie.

Beste wense en groetnis van huis tot huis.

T.E. Adams

(Voorsitter : Pretoria-tak van die TBK van SA)